

22 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 25:1-22 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 25:4,5,15**

Vra na die wil van die Here

Hierdie is een van die alfabetiese psalms. Die 1953-vertaling wys hoe elke versie met 'n Hebreeuse alfabetletter ingelei word. Dis 'n psalm wat van A tot Z getuig van geloofsvertroue, sekerheid en afhanklikheid van die Here. Daar is so baie uiteenlopende sake waaroor 'n mens benoudheid kan ervaar: "Die benoudhede van my hart is wyd uitgestrek" (vers 17). Voorbeelde is die mens se sondes en oortredings (vers 7) en die haat en nyd van sy vyande (vers 19). Die gelowige moet hom egter tot die Here wend (vers 1). Die Here sal hom uit ál sy benoudhede verlos (vers 22). As die gelowige weet wat die Here se weë met hom is, dan sal hy die goeie ervaar (vers 13). Daarom vra Dawid na die weë en paaie van die Here (vers 4).

Omdat die Here sy Verlosser is, wil Dawid graag in die Here se waarheid gelei en onderrig word (vers 5). Sy oë is op die Here gerig, want hy weet dat die Here hom sal weglei van daardie dinge wat hom benoud maak (vers 15).

Dawid weet dat hy nie op homself kan staatmaak nie. Hy kan net op die Here se genade alleen staatmaak. Daarom vra hy dat die Here aan sy ewige goedheid en troue liefde (goedertierenheid) moet dink en nie aan die mens se sondes nie. Die Here moet ter wille sy Naam vergewe (vers 11).

Omdat die Here aan sy barmhartigheid en goedertierenheid gedink het, het Hy sy Seun gestuur in wie se Naam elke gelowige se sondes vergewe is. Hy stuur ook sy Heilige Gees wat elke ware gelowige in die Here se waarheid lei en harte verlig sodat die gelowige in staat is om op die Here te wag en te vertrou. Deur die lering van die Heilige Gees is die gelowige se oë op die Here gerig vir uitkoms in elke benoudheid (vers 15).

Is u oë op die Here gerig? Vra u elke dag van A tot Z na die paaie van die Here? Vra u na die waarheid en lering van die Here? Mense wat dit vra, "sal vernag in die goeie" (vers 13).

Sing: Psalm 25:2,3,6

Ds AH Stavast (Mosselbaai)